higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N560**(A)**(J11)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5

(4010175)

11 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n antwoordboek van 10 bladsye.

GS

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Stel die finansiële state volgens die 2001-leerplan op.
5. Gebruik slegs penne met BLOU of SWART ink.
6. Toon AL jou berekeninge tussen hakies, waar toepaslik.
7. Skryf jou EKSAMENNOMMER en SENTRUMNOMMER in die spasie bo aan elke bladsy van die aangehegte ANTWOORDBOEK neer.
8. Moet NIE Tipp-Ex gebruik NIE.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Die volgende proefbalans is uit die rekeningkundige rekords van River Sand Traders, met vennote, R. River en S. Sand, geneem:

RIVER SAND TRADERS SE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 31 OKTOBER 2017

		DEBITEER	KREDITEER
BALANSSTAATAFDELINGS			
Kapitaal:	R. River		240 000
	S. Sand		120 000
Onttrekkings:	R. River	66 500	
	S. Sand	51 500	
Lopende rekening:	R. River		9 000
	S. Sand	9 700	
Grond en geboue		46 800	
Voertuig		35 400	
Debiteurekontrole		30 200	
Krediteurekontrole			14 000
Handelsvoorraad		18 780	
Bank		10 900	
Lening: R. River (15%)			35 000
Vaste deposito: Unisex Bank (6%)		24 000	
Voorsiening vir slegteskuldaansuiwering			1 680
Toerusting		33 560	
Verkope			372 000
Koste van verkope		298 600	
Water en elektrisiteit		9 260	
Huurinkomste			32 000
Salarisse en lone		86 700	
Salaris: S. Sand		64 000	
Slegte skuld		2 090	
Rente op lening		4 800	
Verbruiksvoorraad		1 850	
Skryfbehoeftes		4 150	
Rente op vaste deposito			520
Telefoon		5 940	
Versekering		10 800	
Eiendomsbelasting.		18 600	
Personeeluitgawes		2 070	
Advertensie		2 890	
Herstelwerk		3 110	
		842 200	842 200

Kopiereg voorbehou

BYKOMENDE INLIGTING

1. Volgens die voorraadopname wat aan die einde van die finansiële tydperk uitgevoer is, was handelsvoorraad voorhande R17 200,00 en skryfbehoeftes voorhande R330,00.

2. R200,00, wat deur ’n debiteur verskuldig is, moet as oninvorderbaar afgeskryf word.

3. Die voorsiening vir slegte skuld moet tot 5% van goeie skuld aangesuiwer word.

4. Herstelwerk wat R320,00 bedra, is verkeerdelik in die Salaris-en-loon-rekening geboekstaaf.

5. Huurinkomste sluit ’n bedrag van R2 500,00 vir die tydperk van 31 Oktober 2017 in.

6. Volgens die vennootskapsooreenkoms moet die volgende in berekening gebring word:

   6.1 As ’n vennoot ’n lening aan die vennootskap toegestaan het, moet die rente op die lening aan die einde van die finansiële tydperk bereken word.

   6.2 Rente op kapitaal en lopende rekeninge moet teen 15% per jaar bereken word.

   6.3 Rente op onttrekkings moet teen 20% per jaar bereken word asof die onttrekking oor vier maande was.

   6.4 R. River ontvang ’n salaris van R7 000,00 aan die einde van die finansiële tydperk.

   6.5 ’n Bonus van R3 000,00 is vir S. Sand goedgekeur.

   6.6 Skep ’n algemene reserwe van R5 000,00.

   6.7 Die oorblywende wins/verlies moet tussen die vennote in dieselfde verhouding as hul kapitaal verdeel word.

VERLANG

Berei River Sand Traders se inkomstestaat en aanwendingsrekening (‘appropriation account’) vir die jaar geëindig 31 Oktober 2017 voor. **[50]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

River Sand het 'n onafhanklike tak in Tzaneen. Die tak hou sy eie volledige stel boeke by. Stel die volgende rekeninge op aan die hand van die opsomming van transaksies wat op 28 Februarie 2017 plaasgevind het:

2.1 Hoofkantoorrekening (8)

2.2 Bank (9)

2.3 Debiteurekontrole (4)

2.4 Krediteurekontrole (4)

2.5 Handelsrekening (7)

2.6 Wins-en-verlies-rekening (8)

Handelsware van hoofkantoor na tak teen kosprys		145 300
Handelsware deur tak aangekoop:	Kontant	35 280
	Krediet	113 400
Verkope van handelsware deur tak:	Kontant	199 900
	Krediet	169 600
Betaling aan krediteure		102 600
Bedryfsuitgawes betaal deur tak:		
Skryfbehoeftes		1 960
Telefoon		108 200
Water en elektrisiteit deur hoofkantoor betaal		11 760
Kontant van debiteure ontvang		151 620
Kontantvoorskot van hoofkantoor ontvang		64 680
Taksalarisse deur hoofkantoor betaal		192 300
Voertuig deur hoofkantoor voorsien		82 400
Kontantvereffenings aan hoofkantoor		83 540
Slegte skuld afgeskryf		1 890
Korting van krediteure ontvang		2 520
Vooraad voorhande by tak op 28 Februarie 2017		18 600

[40]

VRAAG 3

Skryf die volgende transaksies op River Sand Traders se voorraadkaart vir Junie 2016 in:

3.1 LIEU (26)

3.2 Gemiddelde kosprys

1	Voorraad voorhande: 168 eenhede @ R12,00 elk
5	60 eenhede @ R13,00 elk aangekoop
9	36 eenhede @ R13,50
15	78 eenhede @ R14,00 elk verkoop
19	53 eenhede @ R14,50 elk aangekoop
27	18 eenhede @ R15,00 elk verkoop
30	40 eenhede @ R15,50 elk aangekoop (14)

[40]

VRAAG 4

4.1 DD Distributors bevind op 28 Maart 2017 dat die volgende foute in die loop van die maand begaan is:

Maart 2017

14	Die verkoop van voorraad vir R500,00 aan G. Hamese is na J. Hamese se rekening oorgeboek.
25	Die totale faktuur aan K. Louw vir goedere op krediet verkoop, was R100,00 te laag.

VERLANG

Bring die nodige inskrywings in die algemene joernaal (met beskrywings) aan om die foute reg te stel. (6)

4.2 Die volgende oorboeking na Sara's Store se eindproefbalans is aan jou voorgelê. Sara's Store het geen rekeningkundige rekords tydens die jaar bygehou nie.

Hy het die volgende saldo's vir die jaar geëindig op 30 April 2017 gehad:

SALDO'S	DEBITEER	KREDITEER
Kapitaal		384 950
Grond en geboue	450 000	
Voertuie	85 500	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie		15 500
Vaste deposito: Western Bank	35 600	
Voorraad	46 200	
Bank	20 300	
Debiteure	24 600	
Krediteure		89 700
Verband		95 000

Die volgende inligting vir die jaar geëindig 30 April 2017 was beskikbaar:

1. Waardevermindering op voertuie moet teen 25% van die netto drabedrag afgeskryf word.

2. Debiteure en krediteure was op 30 April 2017 onderskeidelik R81 000,00 en R32 400,00.

3. Die kleinkas bedra R950,00.

4. Die bedrae wat die eienaar onttrek het, is altesame R46 200,00.

5. Die huurinkomste van R350,00 is nog nie ontvang nie.

6. Herstelwerk van R1 880,00 is nie betaal nie en water en elektrisiteit van R1 500,00 is nie betaal nie.

VERLANG

Stel Sara's Store se balansstaat op 30 April 2017 op. (34)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Die volgende inligting is uit Wuma Enterprises se rekords op 30 September 2017 verkry:

	01–09–2016	**31–10–2017**
Kapitaal	36 700	40 000
Debiteure	14 900	16 600
Bank (dt)	17 450	20 000
Handelsvoorraad	10 000	12 000
Opgelope uitgawes	-	5 000
Krediteure	15 300	20 000
Langtermynlening	-	15 000
Bruto wins	37 000	40 000
Verkope	54 000	80 000
Koste van verkope	17 600	?
Bedryfsuitgawes	9 000	14 800
Ander inkomste	-	1 800

BYKOMENDE INLIGTING

- Die onderneming handhaaf ’n brutowinsmarge van 25% op sy omset.
- Alle verkope was op krediet.
- ’n Goeie omsetkoers vir soortgelyke ondernemings in Suid-Afrika is drie maal.
- Die onderneming staan 30 dae se krediet aan debiteure toe en ontvang 60 dae van sy krediteure.

VERLANG

Bereken die volgende vir 2017 (rond af tot een desimaal):

5.1 Brutowinspersentasie

5.2 Nettowinspersentasie

5.3 Bedryfsverhouding

5.4 Vuurproefverhouding

5.5 Voorraadomsetsnelheid

5.6 Solvensieverhouding

(6 × 5) **[30]**

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER													
SENTRUMNOMMER													

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5

11 JUNIE 2017

ANTWOORDBOEK

VRAAG 1	
VRAAG 2	
VRAAG 3	
VRAAG 4	
VRAAG 5	
TOTAAL	
PERSENTASIE	

Hierdie antwoordboek bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER													
SENTRUMNOMMER													

VRAAG 1

RIVER SAND TRADERS SE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 OKTOBER 2015

(30)

EKSAMENNOMMER												
SENTRUMNOMMER												

AANWENDINGSTAAT

		R. RIVER	S. SAND	TOTAAL

(20)
[50]

VRAAG 2

2.1 **HOOFKANTOORREKENING**

(8)

2.2 **BANKREKENING**

(9)

EKSAMENNOMMER

SENTRUMNOMMER

2.3 **DEBITEUREKONTROLE**

(4)

2.4 **KREDITEUREKONTROLE**

(4)

2.5 **HANDELSREKENING**

(7)

2.6 **WINS-EN-VERLIES-REKENING**

(8)

[40]

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER

SENTRUMNOMMER

VRAAG 3

3.1 **LIEU-METODE**

DATUM	ONTVANGSTE		UITGEREIK		VOORRAAD VOORHANDE		TOTAAL TOT OP DATUM
	EENHEDE @ R	BEDRAG	EENHEDE @ R	BEDRAG	EENHEDE @ R	BEDRAG	BEDRAG

(26)

3.2 **GEMIDDELDE KOSPRYS**

DATUM	ONTVANGSTE		UITGEREIK		VOORRAAD VOORHANDE	
	EENHEDE	BEDRAG	EENHEDE	BEDRAG	EENHEDE	BEDRAG

(14)
[40]

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER												
SENTRUMNOMMER												

VRAAG 4

4.1

DATUM	BESONDERHEDE	DEBITEER	KREDITEER

(6)

4.2

SARA'S STORE SE BALANSSTAAT OP 31 APRIL 2017

	Aantekeninge		
BATES			

(12)

EKSAMENNOMMER												
SENTRUMNOMMER												

AANTEKENING 1 **GROND EN GEBOUE, EN VOERTUIE**

	BRUTO DRABEDRAG	**OPGEHOOPTE WAARDEVER-MINDERING**	**NETTO DRABEDRAG**

(4)

REKONSILIASIE VAN DRABEDRAG

	GROND EN GEBOUE	**VOERTUIE**

(4)

AANTEKENING 2 **HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE REKENING**

(4)

AANTEKENING 3 **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE**

(3)

AANTEKENING 4 **KAPITAAL**

(3)

EKSAMENNOMMER

SENTRUMNOMMER

AANTEKENING 5 HANDELS- EN ANDER BETAALBARE REKENING

(4)
[30]

VRAAG 5

5.1

5.2

EKSAMENNOMMER

SENTRUMNOMMER

5.3

5.4

GS

EKSAMENNOMMER

SENTRUMNOMMER

5.5

5.6

(5 × 6) **[30]**

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou